

EBW

Ekonomiese & Bestuurswetenskappe

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Jason Collins, Nazlie Mohamed & Habiel Adams

GRAAD

8

KABV

3-in-1



THE
ANSWER
SERIES *Your Key to Exam Success*

Graad 8 **EBW** 3-in-1 KABV

KLASTEKS & STUDIEGIDS

Hierdie Graad 8 EBW 3-in-1 Klasteks & Studiegids bied 'n gebruikersvriendelike inleiding tot 'n vak wat dikwels vir Graad 8-leerders 'n uitdaging inhou.

Al drie vakonderwerpe word op 'n toeganklike manier aangebied met duidelike verduidelikings, aangevul deur voorbeelde en diagramme, om die leerder en opvoeder se selfvertroue te bou.

Sleutelkenmerke:

- Kurrikulum-gerigte omvattende notas
- Leerdervriendelike diagramme
- Konsep-gefokusde aktiwiteite met volledige antwoorde
- Eksamen vraestelle met memo's
- Fotokopieerbare templatboek

GRAAD

8

KABV

3-in-1

EBW

Ekonomiese & Bestuurswetenskappe

Jason Collins, Nazlie Mohamed & Habiel Adams

HIERDIE KLASTEKS & STUDIEGIDS SLUIT IN

- 1 Omvattende Notas
- 2 Onderwerpgebaseerde Vrae
- 3 Volledige Oplossings

*Plus 'n **bonus** Eksamenvraestel en -memo*

Ingesluit is 'n aparte
TEMPLAATBOEK
vir MODULE 1
FINANSIËLE
GELETTERDHEID

eBoek
beskikbaar 



THE
ANSWER
SERIES *Your Key to Exam Success*

INHOUD

Eksamen Assessering	i
---------------------------	---

MODULE 1 FINANSIËLE GELETTERDHEID 1

ONDERWERP 1 Inleiding tot Rekeningkundige Konsepte, Vergelyking & Siklus	2
ONDERWERP 2 Kontantontvangste- en Kontantbetalingsjoernale	14
ONDERWERP 3 Oorboek van Kontantjoernale na die Algemene Grootboek & Voorbereiding van 'n Proefbalans	22



MODULE 2 DIE EKONOMIE 41

ONDERWERP 1 Regering	41
ONDERWERP 2 Nasionale Begroting	51
ONDERWERP 3 Lewenstandaard	62
ONDERWERP 4 Markte	73

MODULE 3 ENTREPRENEURSKAP 77

ONDERWERP 1 Produksiefaktore	77
ONDERWERP 2 Ondernemingsvorme	90
ONDERWERP 3 Bestuursvlakke en -take	106

MODULE 1 ANTWOORDE 113

MODULE 2 ANTWOORDE 125

MODULE 3 ANTWOORDE 130

EKSAMENVRAESTEL 1 142

EKSAMENVRAESTEL 2 144

MEMO EKSAMENVRAESTEL 1 147

MEMO EKSAMENVRAESTEL 2 150

Oorboek van Joernaalinskrywings na T-rekeninge

- **Kolomtotale** en **diverse kolom-inskrywings** uit die joernale word na die Algemene Grootboekrekening, gesamentlik bekend as die Algemene Grootboek, oorgeboek of oorgedra.
- Dit voeg inligting saam wat apart gehou word in die verskillende joernale, bv. die vermeerdering en vermindering in die Bankrekening.
- Elke rekening verteenwoordig 'n spesifieke item, byvoorbeeld:
 - 'Bank' sal slegs inligting bevat in verband met geld ontvang/betaal
 - 'Lone' sal slegs bedrae vir lone betaal gedurende 'n finansiële jaar aandui, ens.
- Elke grootboekrekening of **T-rekening** het 'n **debietkant** (links) en **kredietkant** (regs). Hierdie linker- en regterkante vergemaklik die **dubbelinskrywingsbeginsel**.

T-REKENING

DEBIET- KANT	KREDIET- KANT
-----------------	------------------



Grootboekrekeninge staan bekend as **T-rekeninge** vanweë hul vorm, met debiet en krediet aan weerskante.



Sien meer detail rakende die formaat van 'n **T-rekening** op bl. 26.

Dubbelinskrywingsbeginsel:

Vir elke debietinskrywing ('n '**debiet**') in een rekening is daar 'n kredietinskrywing ('n '**krediet**') in 'n ander rekening.

- Dit verseker dat die som van die debiete gelyk sal wees aan die som van die krediete. Dit help om foute en/of oneerlike inskrywings te identifiseer.

ONTHOU


Die reëls van die **dubbelinskrywingsstelsel**.

$$\text{Bates} = \text{E} + \text{Laste}$$

DEBIETSALDO					KREDIETSALDO
+	-	-	+	-	+



EIENAARSBELANG



UITGAWEREKENING

DEBIET- SALDO +	KREDIET -
VERMINDER E	VERMEERDER E

UITGAWErekeninge word **gedebiteer** omdat uitgawes **E verminder**.

'n Toename in UITGAWES vermeerder die DEBIETkant van die UITGAWErekening en **VERMINDER E**.

INKOMSTEREKENING

DEBIET -	KREDIET- SALDO +
VERMINDER E	VERMEERDER E

INKOMSTerekeninge word **gekrediteer** omdat inkomste **E vermeerder**.

'n Toename in INKOMSTE vermeerder die KREDIETkant van die INKOMSTerekening en **VERMEERDER E**.

AKTIWITEIT 6

VERVOLG



VRAE

1. Hoeveel geld het S. Hawk gedeponeer om die besigheid te begin?
2. Hoeveel geld het Hawk Services op 6 Oktober 2022 in totaal ontvang?
3. Hoeveel Huurinkomste is op 6 Oktober 2022 ontvang?
4. Hoekom het Lopende Inkomste, Materiaalkoste en Lone hul eie kolomme in die Kontantjoernale?
5. Wat het Hawk Services op 16 Oktober 2022 gekoop?
6. Hoeveel geld het die eienaar gedurende Oktober vir haarself geneem?
7. Hoeveel geld het Hawk Services aan die einde van Oktober 2022 in hul Bankrekening?

ANTWOORDE bl. 122



BALANSERING EN AFSLUITING VAN REKENINGE

LET WEL

Die terme **balansering**, **afsluiting** en **saldering** beteken dieselfde en word afwisselend gebruik.




Tot dusver het ons daaglikse transaksies in die **Kontantjoernale** opgeteken en individuele joernale aan die einde van elke maand na die **Algemene Grootboek** oorgeboek. Dit is egter belangrik om te onthou dat Rekeningkunde 'n deurlopende proses is.

Die Rekeningkundige Stelsel maak deurlopendheid (kontinuiteit) van een maand na die volgende moontlik.

- Die Rekeningkundige Siklus is 'n **jaarsiklus**. Dit vind oor 'n finansiële jaar plaas maar daar is deurlopendheid van een jaar na die volgende.
- Maandelikse bedrae word bymekaargetel om by 'n totale (finale) jaarlikse bedrag uit te kom.
- Rekeninge soos die **Bankrekening** wat elke maand vermeerder en verminder moet gebalanseer word.

Let op die volgende eienskappe van die balansering van die Bankrekening:

- die **formaat** van die balansering, d.w.s. die stappe betrokke by die balansering van die rekening.
- hoe die balansering **deurlopendheid** van een maand na die volgende moontlik maak.



NEGATIEWE GEVOLGE VAN WERKLOOSHEID

Werkloosheid het die volgende negatiewe gevolge:

Verlies aan inkomste wat armoede veroorsaak

Wanneer individue werkloos is, het hulle geen inkomste om hul behoeftes en begeertes mee te bevredig nie. Dit veroorsaak armoede en verlaag die lewenstandaard van die individu en gemeenskap as 'n geheel.

Minder belasting word verdien

Werklose individue het minder geld om op goedere en dienste te bestee en dit het tot gevolg dat die regering minder belastinginkomste verdien. Die regering sal minder geld hê om aan openbare goedere en dienste te bestee om dit aan die burgers te verskaf.

Verminderde produksie van goedere en dienste

Wanneer individue minder geld het om te bestee, sal besighede sluit aangesien hul goedere en dienste nie verkoop word nie. Dit kan op sy beurt verdere werkloosheid veroorsaak en word dikwels as 'n bose kringloop beskryf.

Lei tot sosiale/maatskaplike probleme

Werklose individue verloor dikwels hul selfvertroue en waardigheid omdat hulle verwerp voel wanneer hul aanhoudend onsuksesvol is met werksaansoeke. Hulle kan hulle na dwelms en alkohol wend op soek na selfvertroue en aanvaarding. Dit lei tot 'n verdere afwaartse spiraal aangesien werklose individue beperkte inkomste het en met kriminele aktiwiteite deurmekaar raak om vir dwelms/alkohol te betaal.



Wanneer die werkloosheidskoers hoog is, kan dit gesien word in hoë vlakke van sosiale/maatskaplike probleme soos alkohol- en dwelmmisbruik, misdaad, bendegegeweld en verkragting.

STRATEGIEË OM WERKLOOSHEID TE VERMINDER

In Suid-Afrika het die regering baie strategieë bekendgestel om werkloosheid te verminder. Dit sluit in:

Verbeterde onderwys en opleiding

Onderwys ontvang jaarliks die grootste gedeelte van die begroting. Die regering is daartoe verbind om onderwysvlakke in die land te verhoog sodat meer individue 'n vaardigheid kan bekom en hul werksmoontlikhede kan vergroot.

Die regering befonds ook opleidingskursusse vir die werkloses om hul werksmoontlikhede te verbeter.

Steun van entrepreneurskap en klein besighede

Baie individue wat nie kan werk kry nie kan dalk hul eie klein besigheid begin om 'n inkomste te verdien. Die regering ondersteun hierdie inisiatief aangesien dit armoede sal verminder en dikwels ook meer werksgeleenthede sal skep.

Die regering verskaf finansiële bystand en advies om nuwe entrepreneurs te ondersteun.

Bou en instandhouding van infrastruktuur

Die regering kan die infrastruktuur in die land verbeter deur paaie, hawens, ens. te bou of bestaandes te verbeter. Dit vereis aansienlik baie ongeskoolde arbeid, wat in Suid-Afrika in oorgloed is.

Deur die infrastruktuur in die land te verbeter, word alle rolspelers (besighede, burgers en die regering) bevoordeel omdat die lewenstandaard verhoog.

Verhoging van buitelandse belegging

Wanneer internasionale besighede hulself in 'n vreemde land vestig, gebruik hulle plaaslike produksiefaktore. Dit verminder werkloosheid in die land. Die Suid-Afrikaanse regering het internasionale maatskappye aangemoedig om hul besighede in Suid-Afrika te begin. Sedert 1994 het buitelandse belegging dramaties toegeneem.


AKTIWITEIT 3

VERVOLG



- 2.1 Watter Afrikaland het die hoogste werkloosheidskoers?
- 2.2 Wat is die korrekte term vir individue van 15 – 24 jaar oud, wat aktief na werk soek, maar geen werk kry nie?
- 2.3 Definieer die term *werkloosheidskoers*.
- 2.4 Verduidelik kortliks of jy glo dat die Suid-Afrikaanse regering genoeg gedoen het om die werkloosheidskoers aan te spreek.
- 2.5 Verduidelik die impak op openbare goedere en dienste wanneer die werkloosheidskoers hoog is.

ANTWOORDE bl. 128



DIE PRODUKTIEWE GEBRUIK VAN HULPBRONNE OM 'N GESONDE OMGEWING TE BEVORDER

DIE BELANGRIKHEID VAN 'N GESONDE OMGEWING

Dit is belangrik om die natuurlike omgewing te respekteer en daarvoor te sorg sodat natuurlike hulpbronne vir toekomstige generasies beskikbaar kan wees.

Indien die natuurlike omgewing nie beskerm en bewaar word nie, het dit 'n impak op alle rolspelers in 'n land.

- **Huishoudings** word benadeel aangesien hul gesondheid negatief geraak kan word deur besoedeling.
- **Besighede** sal minder produksie-insette hê en dit sal hul winsgewendheid raak.
- **Regerings** sal meer van hul inkomste moet bestee om die natuurlike omgewing te beskerm.



NATUURLIKE HULPBRONNE (GROND)

Natuurlike hulpbronne word meestal as die geskenke van die natuur beskryf en staan algemeen bekend as **grond**.



NATUURLIKE HULPBRONNE



GROND
VERGOEDING
huur

- Hierdie geskenke van die natuur sluit alle aspekte van die natuur wat hul oorsprong onder die grond, bo-op die aarde, insluitend die see en die lug, het.
- Natuurlike hulpbronne sluit in: mineraalneerslae in die grond, water, natuurlewe, plantegroei en mariene hulpbronne.
- Natuurlike hulpbronne is skaars, d.w.s. daar is 'n beperkte hoeveelheid beskikbaar.
- Daar word 'n prys op die gebruik van natuurlike hulpbronne geplaas omdat dit nie vryelik beskikbaar is nie.
- Natuurlike hulpbronne verskil van streek tot streek en van land tot land omdat klimaatstoestande oor die wêreld heen verskil.
- Die klimaatstoestande van oor die wêreld beïnvloed ook die beskikbaarheid, kwaliteit en hoeveelheid natuurlike hulpbronne.
- Natuurlike hulpbronne is 'n noodsaaklike element wat in produksie vereis word en mense gebruik dit op verskillende maniere.
- Natuurlike hulpbronne kan dikwels nie in hul natuurlike vorm gebruik word nie en vereis 'n vorm van verwerking om as 'n produk te dien of om vir **verbruikers** betekenisvol te wees.

Verbruikers is mense wat goedere en dienste van besighede koop.



- Natuurlike hulpbronne moet dus van vorm verander word om die behoeftes en begeertes van verbruikers te bevredig.
- Die vergoeding vir natuurlike hulpbronne is **huur**.

NIE-HERNUBARE HULPBRONNE EN HERNUBARE HULPBRONNE

Nie-hernubare hulpbronne

Nie-hernubare hulpbronne kan nie vervang word wanneer dit eers onttrek/ontgin is nie.

Voorbeeld

Wanneer Brent-ruolie uit die grond onttrek is, kan dit nie weer vervang word nie.



Hernubare hulpbronne

Hernubare hulpbronne kan vervang word wanneer dit onttrek is.

Voorbeeld

Beeste en gewasse kan deur die natuur vervang word indien dit gebruik is.

Die roekelose gebruik van hernubare hulpbronne kan tot die uitputting daarvan lei – dit moet dus op 'n verantwoordelike manier gebruik word sodat dit vir toekomstige generasies beskikbaar sal wees.



3 VIER BESTUURSTAKE

Alhoewel elke bestuurder 'n spesifieke stel pligte en verantwoordelikhede het, word daar van alle bestuurders verwag om die volgende vier take uit te voer:

BEPLANNING, ORGANISERING, LEIDING EN KONTROLERING.

Die take is siklies, daarin dat die een na die volgende een lei. Wanneer die siklus voltooi is, begin dit weer.




DIAGRAM WAT VERSPREIDING VAN BESTUURSVAAARDIGHEDE ILLUSTRER

Alhoewel daar sekere kenmerke is wat algemeen is vir die meeste goeie bestuurders, toon die volgende diagram hoe verskillende vaardighede belangriker is, afhangend van die bestuursvlak.



Kenmerke van Leierskapstyle



Is daar 'n leierskapstyl wat die BESTE is?

Indien mense gevra word watter een van die drie leierskapstyle die beste is, sal baie sê die demokratiese styl is die beste, meestal omdat ons daarvan hou om deel te wees van besluite wat ons gaan affekteer. Die werklike antwoord is egter dat daar nie 'n beste leierskapstyl is nie. Dis hier waar die konsep van **situasie-/omstandigheidsleierskap** ter sprake kom.

Situasie-leierskap is die teorie dat daar geen beste leierskapstyl is nie. Al drie leierskapstyle het hul waarde en behoort gebruik te word soos die situasie dit verlang.


Die volgende drie veranderlikes bepaal watter leierskapstyl om te gebruik:

- Die ingewikkeldheid of **moeilikhedsgaad van die taak** op hande.
- Die vermoë of **vaardigheidsvlak** van die werkers wat gelei word.
- Die **hoeveelheid tyd** wat beskikbaar is.

Kom ons bestudeer weer ons Leierskapstyl-diagram binne die konteks van Situasi-leierskap:



Leierskapstyle soos deur verskillende vaardigheidsvlakke en beskikbare tyd bepaal



AKTIWITEIT 1 bladsy 17

Kontantontvangstejoernaal van Trilby Traders – September 2022

KOJ1

Dok	Dag	Besonderhede	Ontleding van Ontvangste	Bank	Lopende Inkomste	Diverse Rekeninge	
						Bedrag	Besonderhede
001	1	J. Trilby		50 000		50 000	Kapitaal
002	3	B. Beret	12 000	12 000	12 000		
003	11	F. Boater	5 500	5 500	5 500		
004	29	F. Fedora	8 000		8 000		
005		C. Cap	9 000	17 000		9 000	Huurinkomste
				84 500	25 500	59 000	

AKTIWITEIT 2 bladsy 19

Kontantbetalingsjoernaal van Trilby Traders – September 2022


KBJ1

Dok	Dag	Begunstigde	Bank	Lone	Materiaal-koste	Diverse Rekeninge	
						Bedrag	Besonderhede
001	1	PT Ltd	10 300			10 300	Toerusting
BS	8	Kontant	4 000	4 000			
002	12	Hazmat Suppliers	2 350		2 350		
BS	19	Kontant	4 000			4 000	Onttrekkings
			20 650	4 000	2 350	14 300	

AKTIWITEIT 1

bladsy
103

AF		DWARS	
1	Prospektus	2	Ondernemingsvorm
3	Akte van Inkorporasie	4	Kontinuiteit
5	Beperte aanspreeklikheid vir skuld	6	Eenmansaak
7	Stigtingsverklaring	8	Kennisgewing van Inkorporasie
9	Vennootskapsooreenkoms	10	Privaat maatskappy
11	Beslote korporasies	12	Vryelik oordraagbaar
13	Deurlopende lewensduur	14	Openbare maatskappye
15	Tien	16	Vennootskap



ONDERWERP
1

INLEIDING TOT REKENINGKUNDIGE
KONSEPTE, VERGELYKING & SIKLUS

AKTIWITEIT 3

bladsy
10



Nr.	Bates			Eienaarsbelang			Laste	
	effek	rede		effek	rede		effek	rede
1.			=			+		
2.								
3.								
4.								
5.								



AKTIWITEIT 4

bladsy
11



Nr.	Bates			Eienaarsbelang			Laste	
	effek	rede		effek	rede		effek	rede
1.			=			+		
2.								
3.								
4.								
5.								

AKTIWITEIT 5

bladsy
11



Nr.	Bates			Eienaarsbelang			Laste	
	effek	rede		effek	rede		effek	rede
1.			=			+		
2.								
3.								
4.								
5.								